## 27 Augustus Jesaja 58; Sondag 38

### *Die Rusdag: vry om God te dien*

In Egipte was die Israeliete slawe. Sewe uit sewe dae werk en geen rusdag nie. Dan bevry die HERE sy volk uit die slaweland (Eks 20:1) en bring hulle in Kanaän, die sabbatsland waar hulle vry was om "te dien en sy Sabbat te onderhou" (Deut. 5:15). In plaas daarvan om die rusdag te gebruik om God te dien, misbruik Israel die rusdag en die ander dae oor baie jare heen om hulleself te dien (Jes. 58:13; Neh. 13:15-18). Daarom vat God sy kinders se vryheid weg ... en hulle gaan in ballingskap.

In sy trou sny die HERE weer die slawebande deur en na 70 jaar mag hulle teruggaan na Kanaän. En op die bestemde tyd bewerk Christus die groot bevryding deur sy lewe, dood en opstanding. Juis op die Sabbat genees Hy mense en maak Hy die rusdag tot 'n seën vir hulle.

God roep jou om veral op die rusdag Christus se verdienste te ervaar: die ware rus, die gemeenskap met God. En gaan leef van Maandag tot Saterdag soos 'n vrygemaakte, en wees 'n seën vir mense deur hulle los te maak van 'n swak salaris, onrealistiese lang werksure, 'n onbillike werklas (Jes. 58:3b-4a).

Hoe vier jy die rusdag? Is dit vir jou die Bevrydingsdag, die Opstandingsdag, die dag om God te dien goed te doen aan jou naaste? Of het jy jou eie agenda en styl van Sondagviering, dié van 'n slaaf wat oortyd soek, wat doelbewus beroepswerk doen, wat handel dryf?

Pas op dat die seën van die rusdag nie vir jou verander in 'n vloek en die onrus van die sonde jou verteer en jy uiteindelik die ewige Sabbat misloop nie!

Sing: Psalm 118:12 Dr. V. Combrink (Andeon)